

Sondag 20 Junie 2021

Skrifgedeelte: Handeling 23:12-35

Fokusgedeelte: Handeling 23:12

Die Blye Boodskap oorkom alle struikelblokke

Die kragtige werking van die Heilige Gees in die voortgan van die evangelie is baie duidelik in hierdie laaste hoofstukke van Handeling. Op allerhande wyses is daar pogings om hierdie evangelie te keer. Aan die een kant die vyandige Jode met hulle vooroordeel en gewelddadigheid. Aan die ander kant die Romeine wat uit hulle pad gaan om wet en orde te handhaaf. Met die toepassing van wet en orde word Paulus by vier geleenthede van die Joodse gewelddadigheid gered. By drie geleenthede word hy onskuldig verklaar.

Paulus is 'n gevangene tussen al hierdie magte – kerk en staat, vyandelik en vriendelik, Jerusalem en Rome. Vasgevang, ongewapen en blootgestel. In alles staan Paulus vas en gefokus op sy roeping in Christus. Die grond van sy standvastigheid en onverskrokkenheid is sy vertrouwe in die waarheid. Daarom kon hy in sy tweede brief aan die Korintiërs getuig: “Dit alles het ons gedoen deur die Heilige Gees, deur opregte liefde, deur die woord van die waarheid en deur die krag van God. Ons wapen vir aanval en verdediging is om die wil van God te doen” (6:7).

Hy het geweet die Romeine het nie 'n saak teen hom nie. Hy was oortuig die Jode het ook nie 'n saak nie, want sy geloof is die geloof van die verbondsvaders, en sy boodskap sy gehoorsaamheid aan die roeping van God. Hy het vasgehou aan die belofte van sy Verlosser, Jesus Christus, dat Hy sy getuie in Rome sal wees.

Die Woord van God is die beste wapen vir aanval en verdediging. Die Heilige Gees stel jou in staat om onverskrokke en met vrymoedigheid deel te hê aan die voortgang van die evangelie. Bring jy deur jou getuienis die omgewing waarin jy leef, in beroering (Hand. 17:6)?

Sing: Psalm 33-1:5, 6

Dr. TC de Klerk (Theuns) (Emeritus)